# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

## Staan op HERE, en keer terug!

**Skriflesing:**
Eksodus 34:1-23;
Numeri 10:29-36

**Teksvers**:
Eksodus 34:14-15

**Sing**:
Ps 34:1, 4, 8
Sb 12-2:1
Ps 4:2, 3
Ps 127:1, 2
Ps 68:1, 9, 15
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Terwyl Moses op bevel van die HERE bo op die berg was vir 40 dae, het Aäron die volk verlei tot afgodery met die goue kalf. Met oorvloed goud en weelde, was die versoeking net te groot. Moses doen voorbidding vir die volk en die HERE sien hom gunstig aan. Maar die HERE wil nie onder die sondige-volk bly nie, want sy heiligheid sal hulle dood veroorsaak. Daarom rig Moses 'n tent op buite die laer.

Tog kom die pleidooi: Wat sal al die voorspoed en weelde help as die HERE self nie teenwoordig is nie. Wat beteken al die rykdom van die wêreld sonder God? Ons staan vanoggend stil by die oproep van Moses dat die HERE self hulle Leidsman mag wees.

**SONDAGAAND 18:00**

## 'n Verbond van genade of 'n Verbondsoutomatisme!

**Skriflesing:** Jes 42:1-9; Mat 12:9-21; Gen 17:7,9; Jer 31:31-34; Heb 8:6-13

**Teksvers**: Jes 42:6-9; Mat 12:20; Jer 31:33; Heb 8:10

**HK** Sondag

**Sing**:
Ps 81-1:1,12
Ps 89-1:2
Ps 103-1:1,9
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

God het met Israel 'n verbond gesluit dat Hy sal hulle God wees. Dit noem ons die "monopleuriese" deel van die verbond, die opstelling van die verbond het van God af uitgegaan. Die tweede deel van die verbond is die "duopleuriese" deel, waar die volk uit dankbaarheid vir God 'n volk moet wees, gehoorsaam aan God. Ons lees in Heb 8:10

"*Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."*

- Hoe moet ons as "verbonds-gelowiges" die verbond verstaan en daarvolgens leef?

God sluit 'n Verbond
God is getrou aan sy Verbond
God vra getrouheid aan sy Verbond



**KOMMUNIKAATJIE**

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 47 Nr 25 31Julie 2022**

# Lewe in en uit die dood

Die gebied rondom die Dooie See is sielsaangrypend. 'n Mens kan die oordeel van God steeds aanvoel in die totale verwoesting van die hele omgewing van Sodom en Gomorra. Nie net is lewe totaal uitgewis nie, jy proe en sien die dood in die dorre aarde.

In Genesis 13 word verhaal hoe Lot en Abram van mekaar skei omdat hulle goed te veel is. Lot trek dan op na die Jordaanstreek waar oral volop water was. Dan staan daar: *"...voordat die HERE Sodom en Gomorra verwoes het, was dit in die rigting van Soar soos die tuin van die HERE, soos Egipteland*."

Vandag is hierdie gebied bekend vir die Dooie See waarin 'n mens kan dryf, en waaruit sout en minerale geoes word, sowel as die wonderlike skoonheidsprodukte wat van die modder gemaak word. Dit is die laagste plek op aarde, 430 meter onder seevlak. En dit is WARM!

Wat my die meeste aangegryp het, in hierdie woeste en dorre landskap, is die ontdekking wat gemaak is in 'n grot in 1947. Dalk het u al gehoor van die Dooie See Rolle van Qumran. 'n Herderseun het opsoek na sy verlore skape, 'n klip in die grot gegooi om te kyk of hulle nie dalk daar skuil nie, en gehoor hoe iets breek.

Na ondersoek, is feitlik die hele Ou Testament hier ontdek. Weggesteek in kleipotte deur 'n groepie mense wat hulle totaal afgesonder het eeue gelede weg van die samelewing. Hierdie ontdekking is nie 'n bewys van die Bybel nie, eerder 'n bevestiging dat dit nog altyd waar is.

Is dit nie merkwaardig nie? In die midde van God se oordeel, waar geen lewe is nie, is die behoud van God se Woord. Ja, selfs uit die Dooie See kom daar behoud vir die lewe. Die sout genees (al brand jou wonde soos vuur). Lewe in en deur die dood. Dit is die kruis van Christus.

Lourens (vdm)

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

**Vrug van die Gees!**

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 15, Ps 25:1, 2

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

Skep-Hoop-Fonds

**Volgende week:** Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |



## VAN DIE KERKRAADSTAFEL

**Ter Approbasie:**
Ouderlinge: Kobus Strydom; Petri Pienaar
**Onthef van die Roeping as:**
Ouderling: Gerrie van der Bijl
Diaken: Heine Niehaus

### Attessake soos op 28 Julie 2022

**Met attestasie vertrek**
Sarel en Ronel Swanepoel na GK Hermanus (B18)
Mariska Jonker na GK Cachet (B04)
Louwrens Reynecke na GK Kathu
Karrie Grönum na GK Meintjieskop

**Gemeenskap beëindig**
Willem en Kaline vd Westhuizen na Diamantvallei Gereformeerde Gemeente (A17)

## Geestelike Opbou

**11 Sept 2022** na die aanddiens

Prof Herrie van Rooy kom gesels oor:

**Bybelvertaling: waarom en hoe?**

Dit is verbasend hoeveel Bybelvertalings beskikbaar is. In Afrikaans is daar drie wat deur die Bybelgenootskap uitgegee is, met nog ander van gewone uitgewers. Kan 'n mens vertalings vertrou? Op grond waarvan moet 'n mens 'n vertaling beoordeel? Hierdie gesprek hanteer hierdie sake, met toespitsing op die 2020-vertaling.



## *Nuwe Intrekkers*

Daar word Woensdagaand,

**3 Aug** om **19:00**

'n verwelkomingsfunksie gehou vir alle nuwe intrekkers in die gemeente.

Alle nuwe lidmate van die afgelope **drie maande** is welkom om die funksie by te woon.

**Stephanie van Jaarsveld 0846036773/ stef.vj@gmail.com**

**PSALMBOEKE GESOEK!!**

Deesdae bring ons nie meer sommer 'n Psalmboek na die erediens nie, ons sing mos maar van die bord af. Een van die gevolge is dat ons kinders nie meer die Heidelbergse Kategismus in die katkisasieklas beskikbaar het nie. Ons wil baie graag, veral in die senior klasse, 'n paar Psalmboeke beskikbaar stel vir wanneer die kategismus behandel word want so kom ons katkisante al hoe nader aan die kerk se leer. In baie huise lê daar ou Psalmboeke op 'n boekrak of in 'n laai. Skenk asseblief hierdie Psalmboeke aan ons. Plaas dit by op die tafel by die hoofingang van die kerk.

# Bybelskool van Centurion

Bied aan

## Die Tabernakel

Die simboliek rondom die Tabernakel en die seremonies en offers van die Ou Testament en die vervulling daarvan in Christus Jesus


Ons begin **Dinsdag, 16 Aug 2022**
(vir derde kwartaal)
Elke aand behandel 'n unieke tema

**Almal welkom**

te
GK Centurion
Elke Dinsdagaand 19:00 – 20:00
**Koste** R100 per persoon

Hoofaanbieders: **Di Maarten van Helden en Lourens Venter**
**Inskrywings:** Hein Kaiser 082 772 7718/
Kerkkantoor 012 664 2614

*"Jy moet 'n tabernakel maak. Gebruik daarvoor…" Eks 26*






# *Verjaarsdae*

**Belydende lidmate**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 31-Jul | Jurgens | vd Merwe | A11 | 27615177699 |
| | Cecile | Schiff | C05 | 27730733156 |
| 01-Aug | George | Erasmus | C06 | 27824941299 |
| | Annelien | Breed | A08 | 27798834776 |
| | Melissa | Visser | B19 | 27793147672 |
| 02-Aug | Paul | vd Berg | A04 | 27842632055 |
| | Sonet | de Souza | A08 | 27835611221 |
| | Kaline | vd Westhuizen | A17 | 27823938172 |
| | Rulise | Badenhorst | A02 | 27829224034 |
| 03-Aug | Chene | vd Walt | A05 | 27795174273 |
| | Marié | Snyman | B17 | 27733404004 |
| 04-Aug | Rina | Venter | C01 | 27714034143 |
| | Gerda | Guldemond | A01 | 27823373326 |
| | Rina | Venter | A16 | 27825622431 |
| | Esma | Tredoux | B04 | 27828377031 |
| 05-Aug | Koos | Pretorius | B18 | 27834595591 |
| | Lydia | Bezuidenhout | B03 | 27835655789 |
| | Lee-Anne | van Niekerk | C06 | 27722330949 |

**Dooplidmate**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 31-Jul | Leandri | Styger | B01 | 27832260285 |
| 02-Aug | Lihann | Jv Rensburg | C15 | 27824920545 |
| 03-Aug | Tinerie | Krynauw | B13 | 27636910019 |
| | Elzaan | vd Westhuizen | C15 | 27795125575 |
| 04-Aug | Karla | Gerber | C14 | 27827227097 |
| 05-Aug | Leandri | van der Bijl | C04 | 27732144780 |

# *Ons gee om vir Mekaar*

*"... Moenie bang wees nie."* Mark 6:50

- Jean Boon ontvang behandeling (B18—072 872 1755).
- Callie Smit sterk aan in die hospitaal (C15—942 1144).
- Gerrie Smit sterk tuis aan (C3 - 082 316 5968).
- Willie Kruger ondergaan die week 'n prosedure (B16—079 521 4861).

- **Meelewing** word betuig met:
  - Rika Dijkstra; Eddy en Le-Juan Delport en familie na die afsterwe van Bauke.
  - Phia Venter en die van Helden familie na die afsterwe van Phia se suster.

.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

*Here, my erfdeel, my beker.*
*U bepaal my lot. Die*
*meetsnoere het vir my*
*in lieflike plekke geval, ja,*
*my erfenis is vir my mooi.*
*Psalm 16:5 en 6*

## *Alethea Outreach*
## *11:00*

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstel-, verf-; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

**Soek u 'n bederfpakkie** vir iemand of dalk vir 'n spesiale geleentheid? Dan is KLEIN die regte oplossing. Kontak u KLEIN Agent, Rina Burger, 0828538215 en vind meer uit.

**Hennie van Rooyen Belasting Konsultant**. SARS verwysing: PR0108610. Persoonlike opgawes, Kleinsake en Boere. Skakel 082 932 5634 of epos: hennievr.tax@gmail.com.

**Dikhololo vakansieweek—**30 Sept tot 7 Oktober, R7000. 2 slaapkamer eenheid, slaap 6. Kontak Hannie 082 780 3653.

**Werksgeleentheid** vir 'n jong, sterk, energieke, Afrikaanse man. Posbeskrywing: Pakker, in 'n pakstoor in Centurion. E-pos CV na admin@inalessing.co.za. Korrespondensie sal slegs geskied aan kandidate op 'n kortlys.

Wil U graag jou huis met 14 grade C verminder in Somer en 10 grade C verhoog in Winter?. **Installeer glaswolmat** met Duitse tegnologie op jou plafon. Kontak Billy du Toit 0822121372 vir meer besonderhede.

## Droëvrugte Pryslys 2022

| | | |
|---|---|---|
| Appelkose | 500 g | R55 |
| Ongeskilde perskes | 500 g | R50 |
| Geskilde perskes | 500 g | R65 |
| Gemaalde perskes | 500 g | R50 |
| Nektariens | 500 g | R55 |
| Pruimedante | 500 g | R45 |
| Gemengde vrugte | 500 g | R55 |
| Lekkers | 500 g | R40 |
| Appelringe | 250 g | R40 |
| Pere | 500 g | R50 |
| Vrugtevlokkies | 250 g | R40 |
| Perskerolletjies | 100 g | R20 |
| Peerrolletjies | 100 g | R20 |
| Koejawelrolletjies | 80g | R15 |

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!

Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings.

Daar is geen versorgingsfasiliteite nie en bepalings geld op persone ouer as 80 jaar.

Die eenheid wat beskikbaar is bestaan uit: 2 slaapkamers, 1½ badkamers, kombuis, eet– en sitkamer, toesluit motorhuis met privaat stoep en tuin. Beskikbaar vir okkupasie vanaf ongeveer 1 Oktober 2022. Die vraagprys is R830 000. Indien u belangstel kan u 'n aansoekvorm voltooi. Die bestuur sal dan die verskillende aansoeke oorweeg.

Die eenheid is 108vkm en die maandelikse heffing is R1 425 plus u maandelikse kraggebruik en munisipale heffings. Watergebruik is reeds ingesluit in die genoemde heffing.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter 071 403 4143 op terrein of Gerrit Beumer 082 572 5235

**Aansoeke sluit 8 Augustus 2022**

# Bybelstudie

***Juventus* (18-24)**

Dinsdagaande 18:00

\- - - - - -

**Ouventus (25-35)**

Woensdagaande 19:00



## Eljada Huis

**Volledige behoeftelys:** Is op die kennisgewingbord geplaas

**Deurlopende behoeftes:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêre doekies.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 084 424 0421

## Aanbied van Bybelstudie by Eljada

Sou U bereid wees om een keer per maand Bybelstudie by Eljada Huis in Pretoria-Wes aan te bied? Ongeveer 10 mensies wat graag die Woord van die Here wil bestudeer. Werklik verrykend!

Indien U belangstel kontak asb vir Billy by 0822121372. Hulp en leiding sal deur my verleen word indien nodig.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**31 Jul**

| | |
|---|---|
| Annelette Gentle | Blok B |
| Gerti Erasmus | Blok C |
| Corlia V Biljon | Blok C |



**14-Aug**

| | |
|---|---|
| Christi Venter | Blok C |
| Lourette vd Berg | Blok B |
| Bieuwkje Pretorius | Blok A |

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

